Leipie Nuus

28 JANUARIE – 1 FEBRUARIE 2019 **Nommer 3/2019**

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 28 Januarie
Voortrekkers: Byeenkoms om 17:00 - Voortrekkersaal, Gloverlaan
Atletiek: Oefening soos op program

Di 29 Januarie
Skaak: Afrigting vanaf 14:15-15:15 in Me Booyse se klas
Atletiek: Oefening soos op program

Wo 30 Januarie
Koor: Snr kooroudisies Gr 4-5 vanaf 14:00-15:00
Atletiek: Oefening soos op program
Skaak: Sosiale skaak begin 6 Feb

Do 31 Januarie
Atletiek: Byeenkoms te L/s Wierdapark

Vry 1 Februarie

Sa 2 Februarie
Atletiek: Top 10 byeenkoms te Waterkloof

UIT DIE KANTOOR:
Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adresse: **finansies@louisleipoldt.co.za, debiteure@louisleipoldt.co.za**
10% korting vir skoolgeld wat teen **1 Maart** ten volle vereffen word.
Ons is op soek na 'n groot voël/hoenderhok wat nie meer gebruik word. Kontak mev van Niekerk by die skoolkantoor asb. 012 6645798

BELANGRIKE DATUMS:
26-27 Januarie: Registrasie vir verkiesing in skoolsaal
26 Januarie: Atletiek – Top 20 te Ruimsig
30 Januarie: Snr kooroudisies Gr 4-5
31 Januarie: Atletiek – L/s Wierdapark (weg)
2 Februarie: Atletiek – Top 10 Waterkloof
5 Februarie: Atletiek - Wyksbyeenkoms
6 Februarie: Snr kooroudisie Gr 6-7
Jnr kooroudisie Gr 2-3
Sosiale skaak begin.

KOPLUISE:
Die epidemie is hoogs aansteeklik en versprei baie maklik na ander kinders se koppe. Ons vra die ouers se samewerking om seker te maak dat u kind/ers se koppe skoon is van enige nete en kopluise. Een leerder in die klas kan die ander aansteek. Ouers wat moeite doen en onkostes aangaan raak ongelukkig wanneer hul kinders weer by klasmaats aansteek. Dit is departementele beleid dat leerders met kopluise of nete nie die skool mag bywoon alvorens die kop nie heeltemal skoon is nie.

SENIORKOOR:
Oudisies vind plaas vir Gr 4-5 **op Woensdag 30 Januarie vanaf 14:00-15:00 en Gr 6-7 op Woensdag 6 Februarie vanaf 14:00-15:00.**
Brief met kampgeld en hersiende beleid volg.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)
Naellope seniors
Lin-Mari van Heerden en Justin van Vuuren.
Middelafstand senior : Dieneke Beukes
Hekkie trofees:
Jacqui van Wyk en Justin van Vuuren
Spronge atleet:
Armand Duffy en Taenique Calitz Worpe atleet:
Chirsté Loedolff Victrix Ludorum:Dieneke Beukes
Victor Ludorum: Justin van Vuuren Kampioen v kampioene:
William de Lange 0/9 en Tyler v Rooyen 0/8
Juniors trofee wenners Junior naellope:
Lara vd Poll en William de Lange
Junior middelafstand: William de Lange
Atletiek: Baie geluk aan die atlete met mooi prestasies tydens die byeenkoms te L/s Rooihuiskraal.
Dans: Amoné & Renské Roux neem deel aan IFAA Hip Hop kompetisie en kwalifiseer beide om 2019 in Barcelona en 2020 in Namibië en Italië deel te neem.
ATKV: Geluk aan Josua Markram en Luché Steyn vir hul verkiesing om op te tree met die ATKV funksie.

JUNIORKOOR:
Oudisies vind plaas **op Woensdag 6 Februarie. Gr 2-3 leerders wat** belangstel om in die koor te sing is welkom om vanaf 13:40-14:30 by Me Angelique Coetzee se klas aan te meld.

GEBEDSGROEPIE:
Woensdagoggende 7:30 - 8:00. Ons kom bokant snoepie bymekaar.
Kontak Karien Coertze 082 567 8968 of Faith Durie 082 334 6384
Alle ouers welkom om by ons aan te sluit.

SOSIALE SKAAK:
Begin 6 Februarie in Me Booyse se klas.

2019 – Leipie waardejaar

LEIPIES: L staan vir Lojaliteit, trou en opregtheid teenoor jou maats, jou span en jou skool.

ATLETIEK OEFENPROGRAM: (Oefening begin 14 Januarie)

OEFENTYE - MAANDAG, DINSDAG, DONDERDAG

NB!! Aflosatlete moet by die naellope uitkom sodat daar aan wegspring en oorgee's geoefen kan word.

TYE	HEKKIES	NAELLOPE
14:00 – 14:30	0/10 & 0/11	0/12 & 0/13
14:30 – 15:00	0/12 & 0/13	0/10 & 0/11

MIDDELAFSTANDE : 14:00 – 15:00
JUNIOR NAELLOPE: 14:00 – 14:30

TYE	VERSPRING	GEWIGSTOOT	HOOGSPRING
14:30 – 15:00	0/10	0/11	0/12 & 0/13
15:00 – 15:30	0/11	0/12 & 0/13	0/10
15:30 – 16:00	0/12 & 0/13	0/10	0/11

OEFENTYE - WOENSDAG

TYE	DISKUS	SPIESGOOI
14:00 – 14:45	0/12	0/13
14:50 – 15:35	0/13	0/12

SKAAKAFRIGTING:
Afrigting by Mnr Hans Steyn Dinsdae vanaf 14:15-15:15 in Me Booyse se klas.
Koste beloop R450-00 per kwartaal.
Navrae – Mnr Steyn 084 567 7410

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie Makro en My School kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n My Schoolkaart. U ontvang dadelik u My School kaart. Indien u reeds 'n Makrokaart het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in Makro doen, dit is 'n vinnige proses.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

L/S LOUIS LEIPOLDT SKOOLKLEREVERSKAFFERS
L Leipoldt Skoolklere: Leipie Hypie
Hervormde Kerk, Napierstraat 103, Lyttelton
Berthie v Genderen - 073 1475705
Maandae – Donderdae 13:30 – 17:30
Saterdae per afspraak

Marethas Skool Uitrusters:
Clubview sentrum, Hoek van Adam Tas en Lytteltonweg, Clubview
012 660 1118
Weeksdae 8:00 – 17:00, Saterdae 8:00 – 13:00

Eduwear (PTY) Ltd:
Krugerlaan 39, Lyttleton
084 721 8701
Whatsapp vir afspraak

SLAMPAMPER DRAMA:
Gr 1's registreer nou tot 25 Januarie. Registrasievorms verkrygbaar by Me Snyman K39.
Nuwe leerders in die skool wat belangstel om drama te neem, kan ook nou registreer.
Drama oefening begin 4 Februarie 2019.

REDEVOERING TEMAS EN TYDSDUUR 2019:
Gr 1-3: maniere, droom, jok. Tydsduur 2-4 minute.
Gr 4-5: spaar, kuns, frons. Tydsduur 3-5 minute.
Gr 6-7: vrees, dink, dans. Tydsduur 4-6 minute

Toespraak opleiding – Woensdag 23 Januarie vanaf 14:00-15:00 K39.

GRAAD 7 TRUIE:
Alle Gr 7 leerders kan hul moulose-/langmoutrui laat borduur met Gr 7 logo @ R15-00 per trui. Handig asb moulose-/langmoutrui in 'n sak met naam op en R15-00 ingesluit by Me v Rensburg in vir borduurwerk.

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

INDIVIDUELE FOTO'S:
Alle leerders is op **23 Januarie** afgeneem vir skoolrekord doeleindes. U ontvang binnekort 'n vormpie met 'n voorbeeld van die foto asook elektroniese fotokode, **gebruik asb die unieke fotokode van u eie kind.** U is nie verplig om foto's te koop nie. Ekstra items bv muismat/magnete kan bestel word sodra u die pakket bestel het. Alle betalings word direk aan fotograwe betaal. Asb **GEEN** betaling in die skool se rekening nie. Leierfoto's word met kontant bestel by mev Schoeman.

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____

(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)